# † PK de Villiers

DIE lewensdraad van een van Namibië se onderwyspioniers, mnr. P.K. de Villiers, na wie die hoërskool op Keetmanshoop vernoem is, het in Jeffreysbaai stilweg uitgeloop.

Mnr. Pieter Kuyper de Villiers (foto) is Maandag in die rype ouderdom van 83 jaar ná 'n siekbed oorlede. 'n Roudiens vind dié naweek in Jeffreysbaai plaas.

Mnr. De Villiers is in 1915 in Suid-Afrika gebore en sy lewe as onderwyser het hom in 1942 na die eertydse Suidwes-Afrika gebring waar hy as onderwyser by die Windhoek Hoërskool aangestel is.

In 1946 is hy met Hester Margaretha, 'n nooi Venter van Kokstad, getroud en die daaropvolgende jaar is hy as hoof van die Orban-laerskool in Windhoek aangestel.

Die daaropvolgende jaar is hy bevorder en het diens aanvaar by die Keetmanshoop Hoërskool as skoolhoof — 'n pos wat hy tot 1961 beklee het.

Gedurende 1978 het die onderwysowerheid sy naam as eerste hoof van die Keetmanshoop Hoërskool verewig deur die skool na hom te vernoem. Die skool het onder sy leiding met net 108 leerlinge begin.

Ná 1961 is hy aangestel as 'n inspekteur van skole en is in 1968 tot Hoofinspekteur bevorder.

In 1977 het mnr. De Villiers afgetree en besluit om hom op Jeffreysbaai te vestig.

'n Longkwaal het sy gesondheid vanjaar laat agteruitgaan en hy is vandeesweek in die hospitaal oorlede, vermoedelik weens hartversaking.

Mnr. De Villiers word oorleef deur sy vrou, vyf kinders en 9 kleinkinders.